handel. Gevolglik is daar nie sprake van 'n sinvolle, tematiese indeling waarin inligting chronologies weergegee word nie. Op party bladsye is tot drie afdelings en sommige opskrifte is verwarrend. So byvoorbeeld is daar 'n afdeling met die opskrif *onderwys*, gevolg deur 'n verdere drie afdelings waarin na bepaalde skole verwys word. Sommige opskrifte is niksseggend, soos ***nuwe skemas***. Dit is jammer dat die outeur nie kennis geneem het nie van die publikasies van P.H.R. Snyman en A. de V. Minnaar van die RGN waarin 'n logiese hoofstukindeling met betrekking tot dorpsgeskiedenisse gevolg word.

Bornman beskryf grepe uit die geskiedenis van Carolina en behandel aspekte soos die totstandkoming en administratiewe groei van dié dorp, kommunikasie, ekonomiese, godsdienstige en opvoedkundige ontwikkeling, welsynsdienste, sosiaal-kulturele aktiwiteite en beskermingsdienste. Verskeie aspekte van die dorp se geskiedenis kry egter geen aandag nie (onder meer politieke aktiwiteite) en voorts is party afdelings onvolledig. Die enigste verwysing na paaie kom voor in die afdeling *Carolina/Barberton-pad* (p.34). Indien die outeur laasgenoemde onder die opskrif ***kommunikasie*** behandel het, kon hy ook aan ander paaie, die poskantoor en die rol van die SAUK en koerante aandag gegee het.

'n Pluspunt in die boek is die talle historiese foto's met hul insiggewende byskrifte. Veral die lugfoto's wat geplaas is, gee 'n goeie beeld van die grootte van die dorp. Ongelukkig is sommige foto's se gehalte swak. Die oriënteringskaart op die eerste bladsy is verhelderend maar kon gerus meer detail bevat.

Tipografies is die publikasie redelik goed versorg en veral die buiteblad vertoon netjies. Ongelukkig is die naam van die outeur en die titel nie op die rugkant van die buiteblad aangebring nie wat dit moeilik maak om die boek op 'n rak te vind. Die afdruk van die dorpswapen op die buiteblad is besonder keurig. In die eerste nege bladsye van die publikasie is spasie onoordeelkundig benut deur onder meer die plasing van 'n volbladfoto van die Administrateur van Transvaal en allerlei boodskappe van persone. Swak bladuitleg met betrekking tot die lys name van voorsitters en burgemeesters (p. 10) dra ook hiertoe by.

Die publikasie word ontsier deur talle taalfoute, die weglating van woorde en die foutiewe gebruik van leestekens waarvan sommige die gevolg van swak set- en proefleeswerk kan wees. Die outeur se gebruik om feitlik elke gedagte met 'n nuwe paragraaf te begin, bring mee dat die meeste paragrawe uit slegs twee of drie reëls bestaan. Dit is steurend en onnodig.

Die akkuraatheid van gegewens kan moeilik gekontroleer word as gevolg van die afwesigheid van voetnote. Daar kan gevolglik nie vasgestel word watter gegewens Bornman uit sy publikasies *Vryburg 1882-1982* en *Familie Nel van Nelspruit* gebruik het nie; albei verskyn wel in die bronnelys wat terloops ook slordig is en afwyk van die aanvaarde bibliografiese beginsels met betrekking tot indeling en styl. Die bronnelys bevat naamlik slegs twee opskrifte, ***bronne*** en ***publikasies***. Onder eersgenoemde word gewone literatuur aangegee, terwyl koerante en notuleboeke van die Dorpskomitee onder ***publikasies*** verskyn. Die bronnelys is nie baie akkuraat nie want J.J. Oberholster word byvoorbeeld in plaas van P.J. Nienaber as die outeur van die ***Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek*** aangedui. Die skrywer het waarskynlik ook weinig argivale navorsing gedoen.

Die voorgaande negatiewe opmerkings ten spyt, sal hierdie publikasie vir die inwoners van Carolina van belang en nut wees. Die voorgeslagte word gehuldig en die verlede word vir die nageslag bewaar — iets waarmee nie alle plattelandse dorpe kan spog nie. Die publikasie word egter nie juis vir streekhistorici en professionele navorsers aanbeveel nie.

*P. VAN BREDA*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*




L. CHANGUION. *Pietersburg: die eerste eeu 1886-1986*. Stadsraad van Pietersburg: Pretoria, 1986. 306 pp. Geïll. Prys onvermeld.

Die verhaal van Pietersburg die afgelope honderd jaar is in baie opsigte die verhaal van Suid-Afrika se noordelike voorpos. Tot vroeg hierdie eeu was die dorpie wat in 1886 tot stand gekom het die administratiewe setel van een van die mees uitgestrekte en afgeleë landdrosdistrikte in Transvaal. Namate die gebied digter bevolk geraak het, is meer distrikte uit die toenmalige distrik Zoutpansberg afgebaken. Ook het dorpe soos Louis Trichardt, Messina en Tzaneen hulle beslag gekry. Pietersburg het egter steeds bly groei en vandag is dit sonder twyfel nog die belangrikste nywerheid- en administratiewe sentrum noord van Pretoria.

Die besluit van die stadsvaders (reeds in 1980) om in die eeufeesjaar 'n keurpublikasie die lig te laat sien, getuig van groot wysheid. Die outeur, prof. Louis Changuion, hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van die Noorde, het hom besonder goed van sy taak gekwyt. Die skryf van plaaslike geskiedenis stel bepaalde eise aan die historikus. Van hom word byvoorbeeld 'n breë kennis van plaaslike regering, politiek en sosiaal-ekonomiese strukture verwag. Daarbenewens moet hy ook 'n fyn aanvoeling vir hoofstrome in die nasionale geskiedenis hê sodat die effek van hierdie ontwikkelinge op 'n plaaslike vlak gepeil en geïnterpreteer kan word.

Eerder as om 'n tematologiese indeling na te volg, is chronologies te werk gegaan. Ofskoon dié benadering in sommige kringe gekritiseer kan word, is dit duidelik dat die skrywer die tydsorde van Pietersburg se historiese ontwikkeling wil beklemtoon. Die studie is tog in elk geval die verhaal van die eerste eeu. Derhalwe word sosiaal-ekonomiese en politieke ontwikkeling saamgesnoer. In die aanvanklike hoofstukke is hierdie aanbiedingswyse geslaagd, maar later word hoë eise aan die belangstelling van die leser gestel. Te veel detail oor 'n verskeidenheid van aspekte word inmekaar geweef. Miskien sou gereelde sub-hoofde in die teks beter as 'n suiwer opsteltipe hoofstuk gewees het. Tog word een aspek baie deeglik deur hierdie benadering geaksentueer: die veranderinge wat gedurende een eeu plaasgevind het.

Die geslaagdheid van die werk is in hoë mate te danke aan die wyse waarop die skrywer die *mens* in die geskiedenis van Pietersburg raaksien. Daar word letterlik van Jan en alleman kennis geneem. Die stadsraadslid wat baie vir die dorp gedoen het, word in dieselfde lig gesien as die uitstaande plaaslike sportman of dorpsinwoner wat om die een of ander rede in die nuus was. Die gedagte word voortdurend tuisgebring dat Pietersburg 'n gemeenskap van besondere mense is.

In die inleidende gedeelte van die werk word 'n geografiese uiteensetting van die Pietersburg-omgewing gegee. Hoofstukke 1 en 2 het hoofsaaklik op die 19de eeu betrekking. In die volgende hoofstuk word die Tweede Vryheidsoorlog en die tydperk wat Uniewording in 1910 voorafgegaan het, onder die loep geneem. Hoofstuk 5 is besonder interessant. Daarin word onder meer gelet op die depressie wat in die dertigerjare 'n hoogtepunt bereik het, die verskynsel van die armblanke en politieke en kulturele ontwikkelinge wat grootliks die toekoms van die plaaslike gemeenskap sou bepaal.

Die hoofstukke met die breedste trefwydte is egter 7 en 8. Navorsers van die eietydse (politieke) geskiedenis sal besonder baat vind by die lees van hierdie gedeelte. Die skrywer gee 'n besondere skets van een van die grootste politieke skeurings wat die Afrikanergemeenskap in die moderne tyd beleef het. Pietersburg was in 1982 een van die eerste kiesafdelings in Suid-Afrika wat deel van 'n konserwatiewe reaksie teen die regering van die Nasionale Party se hervormingsinisiatief uitgemaak het. Sonder oormatige subjektiwiteit word die agtergrond van die splitsing uiteengesit. Die gronde daarvoor kan histories gesproke tot in die vorige eeu teruggevoer word. Vanweë die aanwesigheid van groot Swart gemeenskappe in die verre Noord-Transvaal was die politieke oordeel van die Blanke inwoners van dié streek nog altyd op 'n bepaalde manier gekleur. 'n Bykomstige faktor het in die huidige eeu 'n bepalende rol begin speel. Namate die strydbyle tussen Boer en Brit begrawe is, was die weg voorberei vir die stryd tussen Boer en Boer, veral ná 1961.

Die skrywer se aanvoeling vir die rol wat rassepolitiek tot dusver in die gemeenskap gespeel het, is prysenswaardig. Dit word voortdurend beskryf teen die agtergrond van knelpunte wat op nasionale vlak ervaar word. Die bespreking daarvan binne die konteks van 'n stedelike gemeenskap soos Pietersburg is in werklikheid 'n insiggewende mikro-analise van 'n probleem waarvoor tans indringend oplossings gesoek word.

Wat tegniese versorging betref, is hierdie 'n keurige produk. Die lettertipe is maklik om te lees en die grootte van die boek maak dit hanteerbaar. Op sommige plekke is egter 'n steurende onderbreking aan die einde van reëls in die afkapping van mens- en plekname — iets wat tipografies vermy kon word. 'n Interessante beleid wat nagevolg is, was om die geskrewe teks aan die regterkant en illustrasies op die linkerkant van die oop blad te plaas. Die leser word op dié manier visueel by die lees van die teks gestimuleer. 'n Nadeel is dat op sommige bladsye miskien te veel herhaling van onderwerpe voorkom. Die indruk ontstaan dat sekere fotomateriaal ingevoeg is bloot om oop ruimtes te vul. In die eerste uitgawe van die werk kom geen ISBN-nommer voor nie. Daar word vertrou dat die stadsraad by 'n volgende oplaag aan hierdie internasionale publikasiegebruik aandag sal gee.

Pietersburg se verhaal is in 'n populêre trant geskryf. Tog doen dit nie afbreek aan die wetenskaplike gehalte van die werk nie want feite word deurgaans in voetnote verantwoord. Verder is daar 'n omvattende bibliografie van materiaal oor die dorp en distrik. Ook die bylaes (altesame nege) doen baie om die belangstellende leser van bykomende inligting te voorsien.

*J.W.N. TEMPELHOFF*
*Universiteit van Venda*

M.H.D. SMITH. *Boerepioniers van die Sandveld* (geredigeer en bygewerk deur R.T.J. Lombard). RGN: Pretoria, 1985. 240 pp. Geïll. R18,00 (eksklusief). ISBN 0 7969 0208 9.